

HOOFSTUK 1INLEIDING EN DOELSTELLING1.1 INLEIDING

In 'n jong ontwikkelende land soos die Republiek van Suid-Afrika word al hoe meer klem geplaas op vooruitgang deur middel van verhoogde produktiwiteit. Dit is dus noodsaaklik dat elke persoon volgens sy volle potensiaal benut sal word.

In dieselfde verband word die begaafde persoon se maksimum potensiaal dikwels nie ten volle benut nie. Dit kan aan sekere faktore toegeskryf word, byvoorbeeld :

- dat die begaafde persoon nie as sodanig geïdentifiseer is nie
- dat die begaafde persoon nie voldoende verstaan word nie
- dat die opvoeding van die begaafde persoon nie in verhouding met sy vermoë geskied het nie, of
- dat die begaafde persoon nie ten volle in die geleentheid gestel is om sekere bekwaamhede te ontwikkel nie.

Identifisering van begaafde persone moet dus so vroeg moontlik plaasvind sodat verskillende metodes gebruik kan word om aan hulle soveel moontlik geleenthede te bied om ten volle in verhouding met hulle potensiaal te ontwikkel. Dit word ondersteun deur Neethling (1984) wat ook meen dat dit belangrik is om kinders se potensiaal so vroeg moontlik te

identifiseer "en in sy behoeftes te voorsien sodat daar 'n sterker moontlikheid vir prestasie en produklewering kan wees as hy volwassenheid bereik" (p.15).

Vroeër jare is die begaafde persoon meestal net op grond van sy verstandsvermoëns geïdentifiseer, maar navorsers het algaande meer bewus geraak van ander faktore wat ook deel vorm van die begaafde persoon. Korrekte identifisering kan slegs plaasvind indien al die betrokke kenmerke deeglik nagevors is en dit bekend is in watter mate die begaafde persoon verskil van die gemiddelde persoon ten opsigte van hierdie kenmerke. Voorbeelde van sulke kenmerke is dat die begaafde persoon -

- nuuskierig is;
- volhard in 'n soeke na oplossings vir probleme;
- krities is ten opsigte van homself en ander;
- baie stokperdjies het;
- op 'n vroeë ouderdom lees;

en nog baie meer wat later breedvoerig bespreek sal word (Tuttle en Becker, 1980:13; Freeman ,1979:16).

Uit die literatuur blyk dit dat daar heelwat ondersoeke uitgevoer is met die begaafde persoon as fokuspunt, maar hierdie ondersoeke vind meestal vanuit 'n opvoedkundige benadering plaas. Daar kan kortliks gekyk word na ondersoeke wat uitgevoer is ten opsigte van die begaafde persoon (student, leerling of kind).

1. Ondersoeke met betrekking tot skoliere of leerlinge (met ander woorde opvoedkundig) :

- i) Dempsey (1957), wat "n Opvolgstudie van 'n groep begaafde leerlinge" rapporteer.
- ii) Coetzee (1975) rig haar ondersoek op die matriekleerling, maar betrek wel faktore soos aanpassing en persoonlikheid.
- iii) Engelbrecht (1975) het twee ondersoeke ten opsigte van eksamenprestasie gedoen.
- iv) Roos (1970) gee 'n "agtergrondbeskrywing op standerd 6-vlak" ten opsigte van die "intellektueel-superieure leerling"
- v) Gouws (1976) se studie handel oor "onderwys vir verstandelik hoogsbegaafde leerlinge".
- vi) Kilian (1977) se ondersoek dek die begaafde leerling in die "senior sekondêre skoolfase" met betrekking tot beroepsleiding.
- vii) Roux (1964) bestudeer die begaafde kind se vorming ten opsigte van die rol van die gesin.
- viii) Greyling (1978) bestudeer die begaafde adolessent.
- ix) Neethling (1984) se ondersoek plaas ook meer klem op die opvoedkundige area ten opsigte van "n gids vir ouers en onderwysers".

2. Ondersoeke wat meer volwasse begaafde persone in die studie betrek, met ander woorde studente of volwassenes, is die volgende :

- i) Van Niekerk (1972) se studie ten opsigte van die begaafde student is slegs op die persoonlikheid van hierdie studente gerig.

- ii) Nel (1964) se ondersoek betrek die persoonlikheid van die "begaafde student wat onderpresteer".
- iii) Terman (1948) het 'n opvolgstudie uitgevoer ten opsigte van die begaafde kind wat opgegroeï het tot 'n volwassene.

Relatief min psigologiese ondersoeke van die begaafde persoon is gedoen. Dit is ook duidelik dat psigologiese ondersoeke van begaafde kind/leerling/student of volwassene feitlik deurgaans net klem lê op die persoonlikheid (Vergelyk byvoorbeeld Van Niekerk, 1972 en Nel, 1964). Daar is dus steeds 'n behoefte aan 'n psigologiese ondersoek van die begaafde se belangstellings, studiegewoontes en -houdings.

Resultate van oorsese ondersoeke kan ook nie altyd sonder meer op Suid-Afrikaanse persone toegepas word nie. Vergelyk hiervoor die studie van Terman, wat redelik volledig is wat die begaafde persoon in sy geheel betref. Weens die verskil wat daar tussen die Amerikaanse en Suid-Afrikaanse omstandighede bestaan, kan dit egter nie sonder meer op die begaafde van ons land van toepassing gemaak word nie. Dit is dus noodsaaklik dat 'n volledig psigologiese studie in Suid-Afrika met Suid-Afrikaans-gestandaardiseerde toetse uitgevoer word.

Sekere psigologiese faktore wat 'n bydraende rol kan speel by beter begrip vir die begaafde persoon, is die volgende :

- sy belangstellings,
- studiegewoontes en -houdings,

- persoonlikheid,
- akademiese prestasie,
- aanleg,
- die invloed wat die begaafde op die gesin uitoefen,
- probleme wat die begaafde ondervind,
- die rol van oorerwing by begaafdheid,
- opvoeding van die begaafde persoon
- die begaafde en die geslag waartoe hy/sy behoort, en
- kenmerke van die begaafde persoon.

Inligting oor bogenoemde aspekte kan lei tot beter begrip van die begaafde persoon op psigologiese, opvoedkundige en sosiale terreine. Daar het dus 'n behoefte ontstaan om meer inligting oor die bogenoemde faktore te verkry. 'n Suid-Afrikaanse psigologiese ondersoek was dus daarvoor nodig.

Wanneer hierdie inligting ingewin en bekend is, kan dit tot gevolg hê dat ouers, onderwysers en maats van begaafde persone beter begrip vir hulle sal hê. Dit kan tot gevolg hê dat die begaafde persoon makliker en meer dikwels sy optimale potensiaal sal kan bereik en meer van sy bekwaamhede sal kan ontwikkel ten einde 'n meer produktiewe bydrae tot die samelewing te kan lewer.

1.2 DOELSTELLING

Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat daar 'n behoefte is aan 'n psigologiese ondersoek van die begaafde persoon se aanleg, belangstellings, persoonlikheid, akademiese prestasie en studiegewoontes en -houdings.

1. Die oorkoepelende doelstelling van hierdie ondersoek is om die begaafde student te vergelyk met die gemiddelde student ten opsigte van hul standerd 10-prestasies, aanleg, persoonlikheid, belangstellings en studieoriëntasie.

Uit die literatuur sal meer inligting versamel word oor verskeie aspekte ten einde die begaafde persoon beter te verstaan. Sodanige inligting sluit die volgende in :

- Begripsomskrywings
- Identifisering van die begaafde persoon
- Kenmerke van die begaafde persoon
- Opvoeding van die begaafde persoon
- Kreatiwiteit van die begaafde persoon
- Die invloed van die begaafde persoon op die gesin
- Geslagsverskille ten opsigte van begaafdheid

Daar sal ook omskrywings gegee word van moontlike verwarrende terme, byvoorbeeld persoonlikheid en aanpassing, aanleg en intelligensie, en die begaafde kind, -persoon of -student.

2. Die spesifieke doelstellings van die ondersoek is :

- i) om 'n begaafde groep studente (mans en dames) met 'n gemiddelde groep studente (mans en dames) ten opsigte van die kognitiewe veranderlikes (met die SAT en standerd 10-prestasie as meetinstrumente) te vergelyk;
- ii) om 'n begaafde groep studente (albei geslagte) en 'n gemiddelde groep studente (albei geslagte) met betrekking tot die nie-kognitiewe veranderlikes te vergelyk (deur middel van die 19VBV, PHSF en OSGH);
- iii) om 'n begaafde manlike groep met 'n gemiddelde manlike groep ten opsigte van kognitiewe veranderlikes te vergelyk;
- iv) om 'n begaafde manlike groep met 'n gemiddelde manlike groep ten opsigte van die nie-kognitiewe veranderlikes te vergelyk;
- v) om 'n begaafde vroulike groep met 'n gemiddelde vroulike groep ten opsigte van die kognitiewe veranderlikes te vergelyk, en
- vi) om 'n begaafde vroulike groep met 'n gemiddelde vroulike groep ten opsigte van die nie-kognitiewe veranderlikes te vergelyk.

Hierdie ses vergelykings sal telkens in twee stappe gedoen word, eerstens word 'n profielontleding van die twee groepe gemaak en daarna word 'n t-toets afgeneem om die statistiese beduidendheid ten opsigte van elke veld van die veranderlike te bepaal.

3. PLAN VAN ONDERSOEK

In Hoofstuk een word die probleemstelling en doelstellings van hierdie ondersoek bespreek. In Hoofstuk twee sal aandag geskenk word aan inligting uit die literatuur wat met hierdie ondersoek verband hou. Hier sal veral aandag geskenk word aan begripsomskrywings (byvoorbeeld van begaafdheid, aanleg, intelligensie en belangstellings), asook faktore wat verband hou met begaafdheid. In Hoofstuk drie word die metode van ondersoek bespreek. Dit sluit 'n behandeling in van die ondersoekgroep, die meetinstrumente en die statistiese metodes wat gebruik is. Die resultate van die ondersoek word in Hoofstuk vier weergegee en bespreek. In Hoofstuk vyf volg 'n samevatting en gevolgtrekking en sekere aanbevelings.